

HOE OM JOU LEWE TE VERWOES VOOR JY 16 IS

deur Marius Nel

Jy kan as jongmens jou lewe heel effektief in 'n gemors verander voor jy uit die hoërskool gaan. Johan Smith verduidelik in 'n boek deur hom geskrywe **15 maniere** waarop jy dit kan doen. Dit het alles met **keuses** te make. Jy kan keuses maak wat tot 'n suksesvolle, gelukkige lewe lei. En jy kan ander keuses maak wat jou uit die hoofstroom van die lewe haal en op 'n pad plaas waar jy net donkerte en ellende gaan sien.

Elke jongmens behoort hiervan kennis te neem. En **elke ouer ook**, sodat hulle die jongmense in hulle lewe behoorlik kan inlig, vir ten minste **twee redes**. In die eerste plek staan ons jongmense voor groepsdruk soos hulle ouers nie geken het nie. Die druk om in te wees is oorweldigend en die vernedering as jy nie in is nie, is ewe groot. In die tweede plek beleef ons kinders versoekings waarvan ons net in fluisterpraatjies gehoor het, en dan ook net as ons in die verkeerdste kringe beweeg het. Vandag kom staan dit selfs voor die laerskoolkind.

Dink aan dwelms. Dis vrylik beskikbaar in winkelsentrums en by handelaars, selfs op die skoolgronde. Of voorhuwelikse seks en losbandigheid. Wie doen dit nie? En met die uiters effektiewe voorbehoedmiddels kan dit tog geen skade doen nie?

Johan Smith skryf in sy boek oor alkohol, die versoeking om jou met ander te vergelyk, die swart hond van selfmoord wat dikwels agter sommige tieners aanloop, 'n lewe sonder waardes, hoogmoedigheid, die keuse om jou ouers se gesag te verwerp en grense en dissipline in jou huis te ignoreer, rook, alkohol, pornografie, eetversteurings, verkeerde vriende, en okkultisme en New Age.

Alles keuses waarvoor jongmense te staan kom en waarteen hulle dikwels nie opgewasse is nie omdat hulle nie behoorlik ingelig is nie. En die **gebrek aan inligting het soms te doen met ouers se eie waningeligtheid of hulle gebrek aan kommunikasie met hulle tieners** oor die sake wat werklik saak maak.

Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: praat met jou kind, bid vir al die jeug, help hulle om regte keuses te maak, beskerm hulle! Ds Leont.

Maandblad NG Rietfontein-Suid Jubeljaar 60

Die Rietfluit



JUNIE 2014

HOOP VIR BESIGE OUERS

Deel 1

As daar een groep mense is wat ons (die gemeente) gebede en ondersteuning nodig het is dit ouers wat albei voldag werk en dan nog kinders ook moet opvoed. Enkelouers se taak is nog moeiliker. Ek sien hoe ouers uitasem hul beste probeer om dinge bymekaar te hou. Hulle emosionele en energie-tenk is dolleeg. Hulle sukkel om die uitdagings en die eise van huishouding, werk, huwelik, skool, familie, vriende en somer net al die gewone dinge van die lewe te hanteer. Voeg hierby hiperaktiewe kinders of kinders met leerprobleme of kinders met gedragsprobleme dan krimp 'n mens se hart inmekaar as aan hierdie ouers dink. Sommige ouers is gekondisioneer om net aan te gaan van dag tot dag en te hoop vir die beste. Meeste leef in oorlewingsmodus, solank hulle vir hulle kinders probeer die beste gee en hul kinders darem liggaamlik, materieel, emosioneel, geestelik en sosiaal redelik versorg is. Hiervoor reken ouers op die hulp van ander instansies soos skool, kerk, grootouers en afrigters om te doen wat hulle nie alles gedoen kry nie.

Ons is besorgd oor ouers wat nie meer gereeld kerk bywoon en die kinders gereeld na die katekese toe bring nie. Die rede vir ons besorgdheid is omdat ouers uit kontak met die grootste "bron" van krag en die beste "hulp" vir hulle ouerskap raak. God het ouerskap ontwerp en Hy gee of leen unieke kinders aan elke ouerpaar. Daarom is ouerskap ons ware voldag roeping as deel van ons 24/7 christenwees. God weet die heel beste wat vir ons kinders die beste is en wat hulle en ons regtig die nodigste het. Die beste nuus is dat Hy kan gee wat ons die nodigste het om ouers te wees soos Hy bedoel het, al is dit in 'n moeilike en hoë tempo wêreld.

Wat God met elke ouerpaar wil regkry is om deur hulle geestelike kampioenkinders te vorm. Dit beteken kinders wat die Here liefhet, geestelik groei en in die lewe van elke dag keuses maak volgens Sy Woord. Anders gestel, kinders wat in 'n lewende verhouding met Hom leef 24/7. Dit is ons as ouers se grootste roeping, uitdaging, voorreg en nalatenskap!

Om dit reg te kry hoef ons nie volmaakte of super ouers te wees nie. Ook hang dit nie af van hoe sosiaal ons kinders is of hoe hulle op sportterrein presteer nie of hoe ryk of slim of begaafd ons of ons kinders is nie.

Na bladsy 2 >>>

Twee eenvoudige maar kragtige kraglyne maak al die verskil:

1. Ouers se verhouding met die Here

God het ons kinders lief as wat ons hulle ooit kan hê. Hy het hulle "beplan" of gewil dat hulle gebore word en hulle aan ons toevertrou. Hy vertrou ons met hulle opvoeding vir Hom.

Ouers wat die Here regtig ken, lief het en daagliks in alles met die Hom saam leef, is God se kraglyn waardeur Hy ons kinders se lewens raak. Kinders word eg en geloofwaardig blootgestel aan hoe praktiese liefde vir God en jou medemens lyk. In hierdie ouerhuise is saam Bybellees, saam aanbid en saam gesels oor God en hoe dit hul lewe raak by die skool, vriende en sportveld, 'n normale deel van gesin wees. Vanuit hierdie verhouding met God, vervul ouers wat geestelike kampioenkinders opvoed, hulle roeping. Ouers doen dit saam met die Here en die Here deur hulle. Ja! ons is die hande van God waardeur Hy ons kinders vir Hom meer en meer vorm soos Hy hul wil hê. Anders gestel: as ons net aan Hom gehoorsaam leef in ons ouerskap, is die resultate in die Here se hande. Dan kan ons die Here se gerusstellende belofte hoor: *bedaar en erken dat Ek die Here is.* (Ps 46:11).


Hoor net wat het die Here alles gegee sodat ons in ons ouers-wees moed en hoop kan hê: Sy mosie van vertroue in ons deur 'n kind aan ons te gee; Sy versekering dat Hy ons God is wat by ons staan in ons ouerskap; die doop as sigbare anker om aan vas te hou wat ons herinner hoe lief God ons kind het; Sy verbintenis dat Hyself by ons kinders is en met hulle 'n pad loop; Sy Woord wat lig gee vir ons ook in ons ouerskapvrae en worsteling deur al die ouderdomsfases heen; 'n gemeente of omgeegroep van mede-boeties en sussies wat verstaan en omgee vir ons en ons kinders; katageseklasse waar kinders meer van die Here leer op hulle vlak en in hulle idioom; toerustingsgeleenthede en –middele vir ouers; en gelowige oumas en oupas.

Met hierdie God by ons en saam met ons, is ouerskap selfs in 'n besige lewe 'n wonderlike roeping en voorreg. ***Ons kan, want ons en ons kinders se God kan!***

'n Jongvolwassene van 24 wat de Here lief het en vir Hom voluit leef, getuig: *die grootste impak op my lewe was my ouers se lewe saam die Here. Ek het geweet hulle het die Here regtig lief. Hulle was meer as net godsdienstig, hulle het saam met die Here geleef. Saam met hulle kon ek kuier oor die Here. Ek kon my vrae en hartseer met hulle bespreek, by hul huil, saam met hulle bid en in God se Woord Sy wil soek. Hulle het vir my 'n veilige ruimte geskep waar ek die Here as my Verlosser ontmoet het en beter leer ken het. Hulle het my geleer dat Hy 'n daaglikse werklikheid is in alles wat ek doen. Hulle het vir gegee wat die heel kosbaarste in die lewe is naamlik om die Here te ken. Ek dank God vir sulke ouers!*

Oor die tweede kraglyn naamlik ons verhouding met ons kinders, volgende maand DV.

ds Leon van Heerden



Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.


VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID	WERKLIK	BEGROOT
Maandelikse Dankoffer	R 432,095.00	R 450,431.00
Offergawes Eredienste	R 69,565.00	R 88,539.00
Sinodale deurkollekte	R 7,542.00	R 10,299.00



Dankie vir die geleentheid om u van diens te wees!

Wil u eiendom koop, verkoop, huur of verhuur?

Ek is seker dat my diens u tevrede sal stel, soos hierdie tuisgemaakte mosterdresep alle gebruikers tevrede stel!

Mosterdresep:

1 blik kondensmelk, $\frac{3}{4}$ koppie asyn,
3 tl mosterdpoer.

Meng asyn en mosterdpoer tot glad. Voeg kondensmelk by en laat oornag staan. Bottel en gebruik soos benodig.



Alfreda Le Roux

Agent

(O) [012 940 5484](tel:0129405484) (C) [079 271 8137](tel:0792718137) (F) [086 633 2724](tel:0866332724)

Email: alfreda.leroux@seeff.com



This communication is intended for the addressee 'only, it is privileged and confidential and any unauthorized dissemination or copying is prohibited. If you have received this communication in error please 'notify us immediately and please destroy the original message.



- ♦ **1 Junie:** Pinksterdiens
- ♦ **8 Junie:** Nagmaal & Pinksteroffer
- ♦ **16 Junie:** Vakansiedag - Jeugdag
- ♦ **22 Junie:** Youthbash @ 18:00
- ♦ **27 Junie:** Skole Sluit

Sien jou daar!

Kort boodskap vir al ons Pappa's

Dankie vir die onvoorwaardelike opoffering van 'n Vader.

"In ordinary life we hardly realize that we receive a great deal MORE than we give, and that it is only with gratitude that life becomes rich" -

Dietrich Bonhoeffer



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

GRATIS - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com



Taakspan vir Kinders

Wie is ons?

Die Taakspan vir 2014 val onder die Bediening vir Diens en bestaan uit 'n klein groepie mense wat 'n passie het vir kinders en die deel van God se woord op hulle vlak -

Lita Spreeth	Taakspanleier	082 453 8421
Elma du Plessis	Sang; Graad 5	076 1894 761
Leoni Gobey	Kleuters	083 7549 405
Amelia Smit	Graad R	072 4149 309
Martjie du Plessis	Graad 1	082 7160 791
Elbie Ferreira	Graad 2	073 2814 128
Talita Fourie	Graad 3 en Graad 4	076 107 9988
Elsa van Eck	Graad 6	082 4680 722
Johan Smit	Graad 7	084 5018 376

Gedurende die eerste kwartaal het Carel van Niekerk die groep bygestaan deur soggens die inleidende kinderdiens te behartig voordat hulle in hul groepe verdeel.

Wat doen ons?

Ons is Sondag van 08:40 af reeds by die Kerk, sodat ons die kinders wat vroeg daar is kan verwelkom. Daar word elke Sondag, behalwe tydens langnaweke, eers 'n gesamentlike inleidende kinderdiens gedoen. Dan verdeel die kinders in hul onderskeie klasgroepe vir hul lesse.

Die Kategese (of Sondagskool soos ons nog steeds daarna verwys) begin Sondag om 09:00 en hou tot so 10:15 aan. In hierdie tyd spandeer ons tyd saam met die gemeente se kinders en fokus veral daarop om vir hulle God se woord op 'n praktiese manier te probeer oordra.

Ons glo dat kinders nie net met hul verstand moet werk nie, maar dat hul hande ook besig gehou moet word. Daarom word daar spesiale aandag gegee om by elke les iets prakties te hê wat gedoen kan word en wat die kinders huis toe kan neem.

**GOEIE NUUS VIR ALMAL WAT MEER HOOPVOL
WIL WEES EN VIR ANDER HOOP WIL GEE !
ONS HET WEER HIERDIE JAAR 'N 40 DAE REEKS**

TEMA: HOOP WAT HOU EN HOU

ONS BEGIN 10 AUGUSTUS TOT 21 SEPTEMBER

DAAR IS DRIE MANIERE VAN BETROKKENHEID:

1. SONDAE-EREDIENSTE BYWOON
2. DAGSTUKKIES LEES
3. INSKAKEL BY OMGEEGROEP VIR 40 DAE

LATER MEER INLIGTING!

NAVRAE: DS LEON VAN HEERDEN 083 660 1803

DS LEON TAIT 082 601 4235

Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wereld is. 1 Joh 4:4

The happiest people don't have the best of everything.
They just make the best of everything. Love generously.
Care deeply. Speak kindly. Leave the rest to God.

PINKSTER 2014

DIE HEMELSE GESKENK-UITDELER: DIE GEES

1 Kor 12 en 13



1. Sondagoggend, 1 Junie om 9:00 (ds Cobus Mey)
2. Maandag, 2 Junie om 18:30 - **DIE WAARDEVOLSTE GESKENK: JESUS**
(1 KOR 12:1-6)
3. Dinsdag, 3 Junie om 18:30 - **DIE UNIEKE GESKENK: GAWES**
(1 KOR 12:7-11)
4. Woensdag, 4 Junie om 18:30 (Ds Cobus Mey)
5. Donderdag, 5 Junie om 18:30 - **DIE ONMISBARE GESKENK: MEKAAR**
(1 KOR 12:12-28)
6. Sondagoggend, 8 Junie om 9:00 - **DIE GROOTSTE GAWE: LIEFDE**

Kambodja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas / ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

Soldaatjies vir Christus

Vir 2014 het ons die tema "**Soldate vir Christus**" gekies en die kinders leer wat hulle nodig het om parate soldate vir Christus te wees.

'n Soldaat moet volledig aangetrek en bewapen wees om sy werk te doen. As so 'n soldaat nie sy volle wapenrusting aan het nie, is hy weerloos en 'n maklike teiken vir die vyand. Hy moet ook sy wapen ken en weet hoe om dit te gebruik en ook waarvoor dit nie gebruik moet word nie.

Daarom het ons in die eerste kwartaal met die "**Wapenrusting van God**" in Efesiërs 6 begin.

Een van die wonders van God se woord is dat selfs die ou oorbekende stories elke keer opnuut ons harte kan raak.

Ons het dus met elke stuk van die wapenrusting 'n Ou Testamentiese storie probeer bywerk. Die doel daarmee is nie net dat die kinders weer die ou stories moet hoor en hul plek verstaan nie, maar ook om aan hulle te wys dat God se woord nooit oud raak nie en dat daar 'n duidelike verband tussen die Ou en Nuwe Testamente is.

In hierdie kwartaal gaan ons op **die Swaard** fokus – **die Bybel**. Ons behandel vlugtig die uitleg van die Bybel en dan fokus ons op die storie van **Josef** (Genesis 37-41) totdat die nuwe 40 Dae reeks afskop.

Die gedagtes waaroor ons gaan besin, is–

- Josef se drome en hul betekenis vir sy familie, die Egiptiese koning, sy medegevangenes
- Wat sy houding as jong seun was voor hy verkoop is, wat dit beïnvloed het, wat sy broers se houdings was
- Versoekings, hoe hy dit hanteer, die gevolge van sy reaksies
- God se deurlopende plan en aanwesigheid in Josef se lewe en sy bewustheid (of nie) daarvan
- Ooreenkomste tussen Josef en Jesus se lewens.

Dan het ons natuurlik 'n praktiese toepassing by elke les en aan die einde van die kwartaal 'n werkswinkel waar almal saam iets bou of skep wat by die tema pas. Dis gewoonlik vir die kinders die lekkerste deel!

‘n Klein bietjie maak ‘n groot verskil

Ons ondersteun alreeds ‘n paar jaar vir Sergyi Denysenko van die Oekraïne deur SSG. Hy is serebraal gestrem en bly in een van die kinders huise wat deur SSG ondersteun word. Dit kos net R190 per maand om vir Sergyi se volledige onderhoud te sorg – klere, kos, verblyf en onderrig.

Op Moedersdag, 11 Mei 2014, het ons kinders blikke in die kerk omgestuur om spesiaal vir Sergyi in te samel en ons het ‘n allemintige **R1346,00** van die gemeente ontvang!

Baie dankie aan elkeen wat iets in ons Sergyi-blikkie gegooi het!

Op **22 Junie 2014** met ons kwartaalafsluiting, hou ons dan nog ‘n sentelegging in die kerkzaal na die diens en almal wat nog hul kleingeld uit hul beursies kan haal, word genooi om te kom deelneem, sodat ons die balans van R934,00 ook nog kan insamel.

Jou KLEINGELD kan ‘n GROOT verskil in Sergyi se lewe maak!

Enigiemand kan natuurlik by die Kerkkantoor ook ‘n geldjie gaan inbetaal vir hierdie doel.

Uitnodiging

Ons het altyd plek vir ‘n gewillige hand en op hierdie stadium soek ons na mense wat bereid is om saam met ons spannetjie ‘n verskil in ons gemeentekinders se lewens te kom maak.

Enigiemand wat belangstel, kan Lita by 082 453 8421 skakel of per epos by lspreeth@sars.gov.za / duimelita@gmail.com, of sommer net kom aanmeld op ‘n Sondagoggend.



Werkswinkelpret!

